The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Westonaria Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended as follows: —

1. By the substitution for the tariff of charges in respect of the Basic Charges In Respect Of Sewers Which Are Available under Part II of Schedule B of the following: —

	R
"(a) Up to and including 600 m²	3,25
(b) 601 up to and including 800 m²	3,90
(c) 801 up to and including 1 000 m²	4,40
(d) 1 001 up to and including 1 200 m²	4,75
(e) 1 201 up to and including 1 400 m²	5,00
(f) 1 401 m² and upwards	5,40"

2. By the substitution for Part III of Schedule B of the following: —

"PART III.

ADDITIONAL CHARGE-DOMESTIC SEWERAGE.

The owner of any land or building having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewers shall be liable to pay, in addition to charges imposed in other Parts of this Schedule, every quarter-year in advance in respect of the land or buildings described in the left-hand column of the following table, the charges specified in the right-hand column thereof.

	Per Quarter. R
1. *Dwelling-house or residential flat.*	
(1) Whether or not detached, occupied by Europeans or Asians, per w.c.	3,30

Administrateurskennisgewing 2344 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT WESTONARIA: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Westonaria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur die tarief van gelde ten opsigte van die Basiese Vordering Ten Opsigte Van Beskikbare Riole onder Deel II van Bylae B deur die volgende te vervang:—

	R
"(a) Tot en met 600 m²	3,25
(b) 601 tot en met 800 m²	3,90
(c) 801 tot en met 1 000 m²	4,40
(d) 1 001 tot en met 1 200 m²	4,75
(e) 1 201 tot en met 1 400 m²	5,00
(f) 1 401 m² en groter	5,40"

2. Deur Deel III van Bylae B deur die volgende te vervang:—

"DEEL III.

BYKOMENDE VORDERING-HUISHOUDELIKE RIOOLAFVALWATER.

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelrioolstelsels is wat met die Raad se straatriole verbind is, moet, benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, iedere kwartaal ten opsigte van die grond of geboue wat in die linkerkantste kolom van onderstaande tabel beskryf word, die gelde vooruit betaal wat daarteenoor in die regterkantste kolom daarvan aangegee word.

	Per drie maande R
1. *Woonhuis en woonstel.*	
(1) Losstaande al dan nie, deur Blankes of Asiërs bewoon, per waterkloset.	3,30

	Per Quarter. R
(2) Additional w.c. for Bantu or Coloured servant	No charge.
The words "Non-Europeans/Nie-Blankes" shall be painted on the door of such w.c. in letters not less than 50 mm in height.	
2. *Business premises or Government buildings.* Used only as offices, professional rooms, shops or for purposes for which no other provision is made in this tariff: —	
(1) Per w.c.	5,10
(2) Per single urinal stall	4,25
3. *Private hotel, boarding-house, lodging-house or tenement house licensed to accommodate more than six persons.* Per bedroom	3,30
4. *Hotel or club with sleeping accommodation and licensed under the Liquor Act of 1928.* Per bedroom	6,25
5. Club without sleeping accommodation (other than a sports club) or restaurant tearoom, fish and chip shop or similar undertaking, per 100 members or part thereof or per 50 seating units or part thereof, whichever is the greater	8,25
6. Church	3,30
7. Church hall from which no revenue is derived	3,30
8. Hall from which revenue is derived, per 200 m² of floor area or part thereof	6,75
9. University, college, school or hostel, per 20 pupils and staff or part thereof	3,30
10. Hospital, nursing, maternity or convalescent home, per 10 patients and staff or part thereof	3,30
11. *Sports ground and sports club.*	
(1) Per w.c.	3,30
(2) Per single urinal stall	2,60
12. *Power station, factory, workshop, industrial concern, commercial motor garage or similar undertaking.*	
(1) Per w.c.	3,30
(2) Per single urinal stall	2,60
13. *Storage premises.* Warehouse or business storage, per 400 m² or part thereof	3,55
14. Private or municipal Bantu or Coloured compound, hostel, or similar institution, per 50 inmates	20,60
15. A brewery, cold-storage works, industrial laundry, cleaning and dyeing works, ice factory, mineralwater factory, milk depot (where bottles or cans are washed or milk is bottled), or dairy, shall in addition to	

	Per drie maande R
(2) Bykomende waterkloset vir Bantoe- of Kleurlingbediende. Die woorde "Nie-Blankes/Non-Europeans" moet op die deur van sodanige waterkloset geverf word in letters van minstens 50 mm hoog.	Kosteloos
2. *Besigheidspersele of goewermentsgeboue.* Slegs as kantore, professionele kamers, winkels of wat vir doeleindes gebruik word waarvoor geen ander voorsiening in hierdie tarief gemaak is nie:—	
(1) Per waterkloset	5.10
(2) Per enkel urinaal-afdeling	4,25
3. *Private hotel, losieshuis of huur-kamerhuis gelisensieer om meer as ses persone te huisves.* Per slaapkamer	3,30
4. *Hotel of klub met slaapgeriewe en gelisensieer ingevolge die Drankwet, 1928.* Per slaapkamer	6,25
5. Klub sonder slaapgeriewe (uitgesonderd sportklubs) en restaurant teekamer, winkel vir vis en aartappelskyfies of soortgelyke onderneming, per 100 lede of gedeelte daarvan, of per 50 sitplekeenhede of gedeelte daarvan, watter ook al die grootste is.	8,25
6. Kerk	3,30
7. Kerksaal waaruit geen inkomste verkry word nie	3,30
8. Saal waaruit inkomste verkry word, per 200 m² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan	6,75
9. Universiteit, kollege, skool of koshuis, per 20 leerlinge en personeellede of gedeelte daarvan	3,30
10. Hospitaal, verpleeg- of kraaminrigting of tehuis vir herstellendes, per 10 pasiënte en personeellede of gedeelte daarvan	3,30
11. *Sportterrein en sportklub.*	
(1) Per waterkloset	3,30
(2) Per enkel urinaal-afdeling	2,60
12. *Kragstasie, fabriek, werkwinkel, nywerheidsonderneming, handelsmotorgarage, of soortgelyke onderneming.*	
(1) Per waterkloset	3,30
(2) Per enkel urinaal-afdeling	2,60
13. *Opbergingspersele.* Pakhuis- of besigheidsopberging, per 400 m² of gedeelte daarvan.	3,55
14. Private of munisipale Bantoe- of Kleurlingkampong, koshuis of soortgelyke inrigting, per 50 bewoners	20,60
15. 'n Brouery, koelkamerinrigting, nywerheidswashuis, skoonmaak- en kleurinrigting, ysfabriek, mineraalwaterfabriek, melkdepot (waar bottels of kanne gewas of melk gebottel word), of melkery, moet benewens die vorderings soos bepaal in item 2 wat per wa-	

the charge payable per w.c. or urinal stall under item 2 pay the charges scheduled in Part IV of this Schedule.

16. Where the trough system for urinal or w.c. purposes is used, each complete 685 mm length or trough or gutter so used or designed to be used, shall be considered as one single urinal stall or w.c. respectively for the purpose of this tariff.

17. Where w.c.'s or urinals are erected in excess of the minimum number required under the Building or Public Health By-laws of the Council, such extra units shall be charged for as follows: —

(1) Per w.c.	1,80
(2) Per single urinal stall	1,50

18. *Special tariff for mine property situate outside proclaimed townships.*
Per quarter:

(1) Dwelling-house	4,10
(2) Single quarters, per 10 rooms or portion thereof	4,10
(3) Boarding-house	13,75
(4) Recreation club	13,75

Per month:

(5) Bantu compound, average number of Bantu, multiplied by the factor 17,65c.

19. *Special tariff for Bantu location.*
Per month:
Average number of Bantu multiplied by the factor 7,5c."

PB. 2-4-2-34-38.

Administrator's Notice 2345 27 December, 1972

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Potchefstroom Municipality, published under Administrator's Notice 491, dated 1 July 1953, as amended, are hereby further amended by the substitution for Schedule 3 of the following:—

"SCHEDULE 3.

Definitions.

In this Schedule, unless inconsistent with the context —

"unit" means one kilowatt-hour;

"high voltage" means a nominal voltage of 11 000 volts in respect of present and future consumers and 3 300 volts in respect of certain present consumers who are still supplied at this voltage and relate to three-phase supply only;

"kVA" means one kilovolt-ampere;

terkloset of urinaal-afdeling betaalbaar is, ook nog die vordering ingevolge Deel IV van hierdie Bylae uiteengesit, betaal.

16. Waar die trogstelsel vir urinaal- of waterklosetdoeleindes gebruik word, word elke volledige 685 mm lengte van trog of geut wat aldus gebruik word of bedoel is om aldus gebruik te word, gereken as een enkel urinaal-afdeling of waterkloset onderskeidelik, vir die toepassing van hierdie tarief.

17. Waar waterklosette of urinale opgerig word sodat die getal daarvan die minimum getal te bowe gaan wat by die Bou- of Openbare Gesondheidsverordeninge van die Raad vereis word, moet vir sodanige bykomende eenhede as volg betaal word:—

(1) Per waterkloset	1,80
(2) Per enkel urinaal-afdeling	1,50

18. *Spesiale tarief vir myneiendom wat buite geproklameerde dorpsgebiede geleë is.*
Per drie maande: —

(1) Woonhuis	4,10
(2) Kwartiere vir eenlopende persone, per 10 kamers of gedeelte daarvan	4,10
(3) Losieshuis	13,75
(4) Ontspanningsklubs	13,75

Per maand:—

(5) Bantoe-kampong, gemiddelde aantal Bantoes vermenigvuldig met die faktor 17,65c.

19. *Spesiale tarief vir Bantoelokasie.*
Per maand: —
Gemiddelde aantal Bantoes vermenigvuldig met die faktor 7,5c."

P.B. 2-4-2-34-38

Administrateurskennisgewing 2345 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing 491 van 1 Julie 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae 3 deur die volgende te vervang: —

"BYLAE 3.

Woordomskrywing.

In hierdie Bylae, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"eenheid" een kilowatt-uur;

"hoogspanning" 'n nominale spanning van 11 000 volt ten opsigte van huidige en toekomstige verbruikers en 3 300 volt ten opsigte van sekere huidige verbruikers wat nog by hierdie spanning voorsien word en het betrekking op slegs driefasige toevoer;

"kVA" een kilovolt-ampère;

"low voltage" means a nominal voltage of 220 volts between any phase and neutral and 380 volts between any two phases;

"month" means the period between two ordinary or estimated meter readings, whatever may be the shorter, and shall be as near as practicable to 30 days.

TARIFF OF CHARGES.

PART I.

CONSUMPTION.

Tariff A.

This Tariff shall be levied at cost.

Tariff B.

1. Service charge per metering point, per month or part thereof: R1,40; plus

2. per unit consumed: 0,75c.

Tariff C.

1. Service charge per metering point, per month or part thereof: R1,40; plus

2. For the first 2 000 units consumed in any one month, per metering point, per unit: 1,5c.

3. Thereafter for all units consumed in the same month, per unit: 0,75c.

Tariff D.

1. Service charge per metering point, per month or part thereof: R5; plus

2. R1,10 per kVA of —

(a) the maximum demand during the month, measured over a period of not less than 30 minutes; or

(b) 50% of the maximum demand measured during the preceding six months; or

(c) 50% of the notified demand of the consumer concerned calculated over a period of five years from the date on which the demand was notified or on which the connection was made, whichever is the later date;

whichever of the values in paragraphs (a), (b) or (c) is the highest; plus

3. Per unit consumed per metering point, per month: 0,50c;

4. Per unit consumed in excess of 30 000 units, per metering point in the same month (industries only): 0,35c;

5. Minimum charge per month, per metering point: R60.

Tariff E.

1. Service charge per metering point, per month or part thereof: R5; plus

2. R1 per kVA of —

(a) the maximum demand during the month, measured over a period of not less than 30 minutes; or

(b) 50% of the maximum demand measured during the preceding six months; or

"laagspanning" 'n nominale spanning van 220 volt tussen enige fase en neutraal en 380 volt tussen enige twee fases;

"maand" die tydperk tussen twee gewone of geraamde meteraflesings, wat ookal die kortste is, en is so na as prakties moontlik aan 30 dae.

TARIEF VAN GELDE.

DEEL I.

VERBRUIK.

Tarief A.

Hierdie tarief word teen koste gehef.

Tarief B.

1. Diensheffing per metertellingpunt, per maand of gedeelte daarvan: R1,40; plus

2. Per eenheid verbruik: 0,75c.

Tarief C.

1. Diensheffing per metertellingpunt, per maand of gedeelte daarvan: R1,40; plus

2. Vir die eerste 2 000 eenhede per metertellingpunt in enige besondere maand verbruik, per eenheid: 1,5c;

3. Daarna, vir alle eenhede in dieselfde maand verbruik, per eenheid: 0,75c.

Tarief D.

1. Diensheffing per metertellingpunt, per maand of gedeelte daarvan: R5; plus

2. R1,10 per kVA van —

(a) hoogsaanvraag in die maand, gemeet oor 'n tydperk van nie minder as 30 minute nie; óf

(b) 50% van die hoogste aanvraag gemeet gedurende die voorafgaande ses maande; óf

(c) 50% van die verstrekte aanvraag van die betrokke verbruiker gereken oor 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum wat die aanvraag verstrek is of die aansluiting gemaak is, watter ookal die laaste datum is;

watter van die waardes van paragrawe (a), (b) of (c) ookal die hoogste is; plus

3. Per eenheid verbruik per metertellingpunt, per maand: 0,50c;

4. Per eenheid verbruik bo 30 000 eenhede, per metertellingpunt in dieselfde maand (alleenlik nywerhede): 0,35c;

5. Minimum heffing per maand, per metertellingpunt: R60.

Tarief E.

1. Diensheffing per metertellingpunt, per maand of gedeelte daarvan: R5; plus

2. R1 per kVA van —

(a) hoogsaanvraag in die maand, gemeet oor 'n tydperk van nie minder as 30 minute nie; óf

(b) 50% van die hoogste aanvraag gemeet gedurende die voorafgaande ses maande; óf

(c) 50% of the notified demand of the consumer concerned, calculated over a period of five years from the date on which the demand was notified or on which the connection was made, whichever is the later date;

whichever of the values in paragraphs (a), (b) or (c) is the highest; plus

3. Per unit consumed per metering point per month: 0,50c;

4. Per unit consumed in excess of 30 000 units, per metering point in the same month (industries only): 0,35c;

5. Less 2,5% if supply is measured on the high voltage side;

6. Minimum charge per month, per metering point: R60.

Tariff F.

For the supply of electricity between the hours 22hoo and 06hoo:—

1. Per unit consumed: 0,35c.

2. Minimum charge per month, per metering point: R20.

Tariff G.

A fixed charge per calendar month or part thereof: 50c.

Tariff H.

A fixed charge per calendar month or part thereof for —

(a) 2 ampere-limit: R1,50;

(b) 5 ampere-limit: R3,75; and

(c) 10 ampere-limit: R7,50.

General.

1. The tariffs mentioned in this Part shall be applied as follows:—

(1) Tariffs B, C, D, G and H shall be for low voltage supply only.

(2) Tariff E shall be for high voltage supply only.

(3) Tariffs A and F shall be for either low voltage or high voltage supply.

(4)(a) The tariffs, except Tariff A, shall be subject to a surcharge of 20% for all consumers and a further 25% on the first R50 per month for consumers outside the municipality.

(b) The minimum charge per month for consumers outside the municipality shall be R4,80 for single-phase and R6,40 for three-phase supply: Provided that should a consumer cease to take supply on a date between two monthly meter readings, the minimum charge shall not be applicable to the final meter reading.

(5)(a) A consumer or a prospective consumer requiring a three-phase low voltage supply exceeding 50 kVA or high voltage supply, shall, before supply be given, notify the Council in writing of his estimated maximum demand in multiples of 10 kVA.

(c) 50% van die verstrekte aanvraag van die betrokke verbruiker gereken oor 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum wat die aanvraag verstrek is of die aansluiting gemaak is, watter ookal die laaste datum is;

watter van die waardes van paragrawe (a), (b) of (c) ookal die hoogste is; plus

3. Per eenheid verbruik per metertellingpunt, per maand: 0,50c;

4. Per eenheid verbruik bo 30 000 eenhede, per metertellingpunt in dieselfde maand (alleenlik nywerhede): 0,35c;

5. Min 2,5% indien verbruik aan die hoogspanningsy gemeet word;

6. Minimum heffing per maand, per metertellingpunt: R60.

Tarief F.

Vir die lewering van elektrisiteit tussen die ure 22h00 en 06h00: —

1. Per eenheid verbruik: 0,35c;

2. Minimum heffing per maand, per metertellingpunt: R20.

Tarief G.

'n Vaste heffing per kalendermaand of gedeelte daarvan: 50c.

Tarief H.

'n Vaste heffing per kalendermaand of gedeelte daarvan vir —

(a) 2-ampère-beperking: R1,50;

(b) 5-ampère-beperking: R3,75; en

(c) 10-ampère-beperking: R7,50.

ALGEMEEN.

1. Die tariewe vermeld in hierdie Deel word as volg toegepas: —

(1) Tariewe B, C, D, G en H is alleenlik vir laagspanningstoevoer.

(2) Tarief E is alleenlik vir hoogspanningstoevoer.

(3) Tariewe A en F is vir óf laag- óf hoogspanningstoevoer.

(4)(a) Die tariewe, uitgesonderd Tarief A, is onderworpe aan 'n toeslag van 20% vir alle verbruikers en 'n verdere 25% op die eerste R50 per maand vir verbruikers buite die munisipaliteit.

(b) Die minimum heffing per maand vir verbruikers buite die munisipaliteit is R4,80 vir enkelfasige en R6,40 vir driefasige toevoer: Met dien verstande dat indien 'n verbruiker ophou om 'n verbruiker te wees op 'n datum tussen twee maandelikse meteraflesings, die minimum heffing nie van toepassing is ten opsigte van die finale meteraflesing nie.

(5)(a) 'n Verbruiker of 'n voornemende verbruiker wat 'n driefasige laagspanningstoevoer van meer as 50 kVA of hoogspanningstoevoer verlang, moet, voordat toevoer verskaf word, die Raad skriftelik sy geraamde hoogsaanvraag in 'n veelvoud van 10 kVA verstrek.

(b) The Council may require a written estimate of the future maximum demand in multiples of 10 kVA from any consumer to whom tariff D or E applies. Should such consumer fail to supply such information within 30 days from the date on which the Council's registered letter in this regard was posted, the notified maximum demand of the consumer shall be taken as his highest maximum demand registered in the twelve months preceding the month in which the Council's letter was posted, increased by 15% to the nearest following multiple of 10 kVA, should the value thus obtained be not exactly a multiple of 10 kVA.

(c) The Council reserves the right to limit the supply to the consumer to such estimated maximum demand until such time as the Council is able to provide an increased supply after notification by the consumer of a higher maximum demand.

(6) The concessions contained in Tariffs D and E in regard to the unit charge for consumption in excess of 30 000 units shall only apply to industries within the municipality.

(7) A consumer taking supply in terms of Tariff F, shall pay for additional equipment, including the meter required to determine consumption, as well as for the installation thereof.

2. *Classification of Consumers and Applicable Tariff.*

(1) Municipal departments: Tariff A.

(2) Private dwellings, flats, boarding-houses, private hotels, hostels, churches, unlicensed clubs, hospitals, nursing homes, orphanages, registered welfare organisations and agricultural holdings, each of which do not require more than 20 kVA as determined by means of a circuit breaker or circuit breakers with inverse time characteristic and which will not trip in less than 20 seconds at 100% overload. ('Agricultural holdings' means all premises on which farming is exercised but which are not registered as a 'business' of a 'factory' or of which the consumer is not the Central Government or Provincial Administration): Tariff B.

(3) G.P.O. telephone booths: If connected in terms of item 6(1)(a)(iii) of Part III, per booth: Tariff G. This tariff covers, apart from supply, also a weekly inspection of each booth thus connected to establish whether the lamp is still in order, as well as the replacement by the Council of a maximum of four burnt-out 60 watt lamps per calendar year per booth: Provided that the government department concerned shall be responsible for the maintenance of the lighting installation and the earthing of every booth thus connected.

(4) Any other consumer not included under subitems (1), (2) and (3), may elect any one of Tariffs C, D or E subject to the provisions of subitem (5).

(5) The Council may require consumers whose notified or metered demand is 50 kVA or more, or any consumer with a three-phase low voltage connection or supply, of which the rating is 100 amperes or more, and who desires that his supply shall not be limited to 80 amperes in any phase by means of a fuse or circuit breaker or similar device with a continuous rating of 80 amperes and which will pass an overload of 100% for at least 20 seconds, to take supply in terms of Tariffs D or E.

(b) Die Raad kan van enige verbruiker op wie Tarief D of E van toepassing is, vereis om sy geraamde toekomstige hoogsaanvraag in 'n veelvoud van 10 kVA skriftelik aan die Raad te verstrek. Indien so 'n verbruiker versuim om die verlangde inligting te verstrek binne 30 dae vanaf datum waarop die Raad se aangetekende brief in hierdie verband gepos is, word die verstrekte hoogsaanvraag van die verbruiker geneem as sy hoogste hoogsaanvraag aangeteken in die twaalf maande voorafgaande die maand waarin die Raad se brief gepos is, vermeerder met 15%, tot die naaste volgende veelvoud van 10 kVA indien die waarde aldus verkry nie presies 'n veelvoud van 10 kVA is nie.

(c) Die Raad behou hom die reg voor om die verbruiker se toevoer tot hierdie geraamde hoogsaanvraag te beperk tot tyd en wyl die Raad in staat is om 'n groter toevoer te verskaf nadat die verbruiker 'n hoër hoogsaanvraag verstrek het.

(6) Die toegewings met betrekking tot die eenheidsheffing vir verbruik bo 30 000 eenhede vervat in Tariewe D en E, geld alleenlik vir nywerhede binne die munisipaliteit.

(7) 'n Verbruiker wat toevoer neem ingevolge Tarief F, betaal vir die bykomende uitrusting, insluitende die meter wat benodig word om die verbruik te bepaal, asook vir die installasie daarvan.

2. *Klassifikasie van Verbruikers en Toepaslike Tarief.*

(1) Munisipale afdelings: Tarief A.

(2) Private woonhuise, woonstelle, losieshuise, privaathotelle, koshuise, kerke, ongelisensieerde klubs, hospitale, verpleeginrigtings, weeshuise, geregistreerde welsynsorganisasies en landbouhoewes, wat elk nie meer as 20 kVA benodig nie soos bepaal deur middel van 'n stroombreker of stroombrekers met 'n omgekeerde tydkenmerk en wat nie in minder as 20 sekondes teen 100% oorbelasting sal uitskakel nie. ("Landbouhoewes" beteken alle persele waarop 'n boerdery gedryf word maar wat nie as 'n "sakeonderneming" of "fabriek" geregistreer is nie of waarvan die verbruiker nie die Sentrale Regering of Provinsiale Administrasie is nie.): Tarief B.

(3) H.P.K.-telefoonhokkies: Indien aangesluit kragtens item 6(1)(a)(iii) van Deel III, per hokkie: Tarief G. Hierdie tarief dek, bo en behalwe die verskaffing van toevoer, ook die gereelde weeklikse inspeksie van iedere hokkie aldus aangesluit om vas te stel of die lamp nog in orde is, asook die vervanging van hoogstens vier uitgebrande lampies van 60 watt per kalenderjaar per hokkie deur die Raad: Met dien verstande dat die betrokke staatsdepartement verantwoordelik is vir die instandhouding van die ligmontasie en die aarding van iedere hokkie aldus aangesluit.

(4) Enige ander verbruiker wat nie onder subitems (1), (2) en (3) ingesluit is nie, kan enigeen van Tariewe C, D of E kies onderworpe aan die bepalings van subitem (5).

(5) Die Raad kan van verbruikers wie se verstrekte of afgemete aanvraag 50 kVA of meer is, of enige verbruiker met 'n driefasige laagspanningsaansluiting of -toevoer waarvan die vermoë 100 ampère of meer is en wat verlang dat sy toevoer nie tot 80 ampère in enige fase beperk word nie deur middel van 'n sekering of stroombreker of dergelike toestel met 'n deurlopende vermoë van 80 ampère en wat 'n oorbelasting van 100% vir minstens 20 sekondes sal deurlaat, vereis om toevoer ingevolge Tariewe D of E te neem.

(6) Any consumer taking a supply in terms of any one of Tariffs B, C, D or E may take supply in terms of Tariff F provided it is not or will be necessary to reinforce the reticulation to which the consumer is connected, in consequence thereof.

(7) Tariff H shall only be applicable to street gate or area lights connected to the Council's street lighting network: Provided that the total load of all lights on any one premises thus connected, shall not exceed 10 amperes: Provided further that this tariff shall only be available to consumers taking a supply in terms of Tariffs B, C, D or E.

3. A consumer who has elected any one of Tariffs C, D or E or to whom Tariffs D or E are applicable in terms of item 2(5) of this Part, shall not be supplied with electricity in terms of any other tariff in the said group before the expiration of 12 months from the date of receipt by the Council of a written application by the consumer for such change of tariff, unless it is to the advantage of the Council or unless the consumer's connected load has increased by at least 25% in which case the new tariff shall be applicable from the date of the first meter reading after receipt of such application.

PART II.

MISCELLANEOUS.

1. *Testing of Installations.*

The first test of any installation shall be carried out free of charge. Should an installation not be completed or be found to be defective, or should it not comply in every respect with these by-laws or with the Council's requirements for the electrical wiring of premises, such installation shall not be connected by the Council until such defect or neglect is repaired by the contractor. After written notice to the effect that the work has been completed is received from the contractor, the Council shall have a further inspection and test carried out after payment of R2 per half-hour or part of a half-hour of the time, as estimated by the Council, for every repeated inspection and test.

2. *Deposits.*

(1) Excluding the Potchefstroom University for Christian Higher Education, the Potchefstroom College of Education, Government and Provincial Departments, it shall be required of every consumer to pay a deposit or to furnish the Council with an approved guarantee, equal to the average consumption of electricity during any 2 months subject to a minimum of R4. This deposit may be applied by the Council to liquidate or set off any debt in case of non-payment of charges levied in terms of these by-laws.

(2) Should a consumer fail to pay such deposit, or to furnish an approved guarantee in terms of subitem (1), or to increase an existing deposit or guarantee if required by the Council, the consumer shall be liable to immediate disconnection of supply.

(6) Enige verbruiker wat toevoer neem ingevolge enigeen van Tariewe B, C, D of E mag toevoer neem teen Tarief F op voorwaarde dat dit nie nodig is of sal wees om die netwerk waarby die verbruiker aangesluit is, desgevolgs te verswaar nie.

(7) Tarief H is van toepassing alleenlik op straathek- of terreinligte wat by die Raad se straatlignetwerk aangesluit is: Met dien verstande dat die totale stroomsterkte van alle ligte op enige enkele perseel sodanig aangesluit, nie 10 ampère oorskry nie: Voorts met dien verstande dat hierdie tarief beskikbaar is alleenlik vir verbruikers wat toevoer teen Tariewe B, C, D of E neem.

3. 'n Verbruiker wat enigeen van Tariewe C, D of E gekies het, of op wie Tariewe D of E kragtens item 2(5) van hierdie Deel van toepassing is, word nie ingevolge enige ander tarief in die vermelde groep van elektrisiteit voorsien nie voor die verstryking van 12 maande ná die datum van ontvangs deur die Raad van 'n skriftelike aansoek van die verbruiker om sodanige tariefverandering, tensy dit tot die Raad se voordeel is of tensy die verbruiker se aangeslote belasting met minstens 25% vergroot is, in welke geval die nuwe tarief van toepassing is vanaf die eerste meteraflesingsdatum ná ontvangs van sodanige aansoek.

DEEL II.

DIVERSE.

1. *Toets van Installasies.*

Die eerste toets van enige installasie word kosteloos uitgevoer. Indien 'n installasie onvoltooid of foutief bevind word of in enige opsig nie voldoen aan hierdie verordeninge of aan die Raad se minimum vereistes vir die elektriese bedrading van persele nie, sluit die Raad nie die installasie aan alvorens sodanige fout of nalatigheid deur die aannemer reggemaak is nie. Nadat skriftelike kennis van die aannemer ontvang is dat die werk voltooi is, laat die Raad 'n verdere inspeksie en toets uitvoer ná betaling van R2 per halfuur of gedeelte van 'n halfuur van die tyd, soos deur die Raad geraam, vir iedere herhaalde inspeksie en toets wat deur die Raad uitgevoer word.

2. *Deposito's.*

(1) Uitgesonderd die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die Potchefstroomse Onderwyskollege, Staats- en Provinsiale Departemente, word dit van elke verbruiker vereis om 'n deposito te betaal, of om aan die Raad 'n goedgekeurde waarborg te verskaf, gelykstaande met die gemiddelde verbruik van elektrisiteit gedurende enige 2 maande met 'n minimum van R4. Hierdie deposito kan deur die Raad aangewend word om enige skuld af te reken of te delg in die geval van wanbetaling van gelde gehef kragtens hierdie verordeninge.

(2) Indien 'n verbruiker sou versuim om ingevolge subitem (1) sodanige deposito te betaal of goedgekeurde waarborg te verskaf, of om 'n bestaande deposito of waarborg te vergroot indien dit deur die Raad verlang word, stel die verbruiker hom bloot aan onmiddellike staking van toevoer.

3. *Meter Readings.*

The meters of consumers shall be read at intervals as determined by the Council and the charges in terms of Part I shall be applicable to all meter readings. Should a consumer desire that a meter be read at any time other than that determined by the Council, an amount of R1,25 shall be payable for every such reading, except if the consumer vacates the premises.

4. *Testing of Meters.*

If a consumer has reason to believe that his meter is not registering correctly or is out of order, the meter shall be tested on the consumer paying an amount of R5 for every single-phase kilowatt-hour meter, R8 for every poly-phase kilowatt-hour meter, R15 for every maximum demand meter and R20 for every combined maximum demand/kilowatt-hour meter tested: Provided that only R3 shall be payable for every single phase kilowatt-hour meter if two or more such meters of the same consumer, on the same premises, are to be tested simultaneously. Such amount shall be refunded should the test show the meter to have been registering more than 5% fast or slow and an adjustment shall be made in terms of these by-laws.

5. *Reconnection of Supply.*

(1) If supply to premises has been disconnected and is thereafter reconnected, the following charges shall be payable in advance for such reconnection:—

(a) If the supply was disconnected due to non-compliance with these by-laws or due to non-payment of accounts, except if there is a change of consumer: R3.

(b) In any other case: R2,25.

(2) If any account for electricity consumption or labour carried out or services rendered is not paid before the 15th day of the month following that in which the electricity was consumed or labour carried out or services rendered in terms of item 6 of this Part, the Council shall have the right to disconnect the supply.

6. *Other Services.*

Any other service, labour or repairs by the department shall be rendered or carried out at cost plus 10%, subject to a minimum charge of R2,50 for each visit or work done during normal working hours and R3,25 outside normal working hours.

6A. *Removal of posters etc.*

The minimum charge for the removal of bills, posters and similar items from the Council's electric poles, distribution pillar boxes, sub-stations and kiosks, per bill, poster or similar item removed, shall be as follows:—

(1) If affixed with adhesive tape: Per metre or part of a metre of adhesive tape: 50c.

(2) If affixed with glue: Per quarter square metre or part of a quarter metre: R5.

Over and above the abovementioned charges, a fine in terms of other by-laws may be imposed for the illegal posting of bills, posters or similar items.

3. *Meteraflesings.*

Verbruikers se meters word met tussenpose soos deur die Raad bepaal, afgelees en die gelde ingevolge Deel I is op alle meteraflesings van toepassing. Indien 'n verbruiker verlang dat die meter afgelees moet word op enige ander tydstip as dié deur die Raad vasgestel, is 'n bedrag van R1,25 betaalbaar vir elke sodanige aflesing, behalwe by ontruiming van die perseel deur die verbruiker.

4. *Toets van Meters.*

Indien 'n verbruiker rede het om te vermoed dat sy meter nie korrek registreer nie of buite werking is, word die meter by betaling deur die verbruiker van 'n bedrag van R5 vir elke enkelfasige kilowatt-uurmeter, R8 vir elke meerfasige kilowatt-uurmeter, R15 vir elke hoogsaanvraagmeter en R20 vir elke gekombineerde hoogsaanvraag/kilowatt-uurmeter getoets: Met dien verstande dat slegs R3 gevorder word vir elke enkelfasige kilowatt-uurmeter as twee of meer sulke meters van dieselfde verbruiker, op dieselfde perseel gelyktydig getoets moet word. Sodanige bedrag word terugbetaal indien die meter volgens die toets meer as 5% te veel of te min geregistreer het en 'n aansuiwering word ingevolge hierdie verordeninge gemaak.

5. *Heraansluiting van Toevoer.*

(1) Indien 'n perseel se toevoer afgesluit is en daarna heraangesluit word, is die volgende gelde vir sodanige heraansluiting vooruitbetaalbaar:—

(a) Indien die toevoer afgesluit is as gevolg van die nienakoming van hierdie verordeninge of as gevolg van wanbetaling van enige rekening, uitgesonderd waar daar 'n verwisseling van verbruiker is: R3.

(b) In enige ander geval: R2,25.

(2) Indien enige rekening vir elektrisiteitsverbruik arbeid verrig of dienste verskaf nie betaal is nie voor die 15de dag van die maand wat volg op dié waarin die elektrisiteit verbruik, arbeid verrig of dienste verskaf is ingevolge item 6 van hierdie Deel, het die Raad die reg om die toevoer te staak.

6. *Ander Dienste.*

Enige ander diens, arbeid of herstelwerk deur die afdeling word teen koste plus 10% verskaf of verrig, onderworpe aan 'n minimum vordering van R2,50 vir iedere besoek of werk verrig gedurende gewone werkure en R3,25 buite gewone werkure.

6A. *Verwydering van plakkate, e.s.m.*

Die minimum vordering vir die verwydering van biljette, plakkate en dergelike stukke van die Raad se elektriese pale, verdeelkaste, substasies en kiosks, per biljet, plakkaat of dergelike stuk verwyder, is soos volg:—

(1) Indien dit met kleefband vasgeplak is: Per meter of gedeelte van 'n meter van kleefband: 50c.

(2) Indien dit met gom vasgeplak is: Per kwart vierkante meter of gedeelte van 'n kwart vierkante meter: R5.

Bo en behalwe bogenoemde gelde kan 'n boeteheffing ingevolge ander verordeninge opgelê word vir die wederegtelike aanplak van biljette, plakkate of dergelike stukke.

The person or organisation whose interests are furthered by such bill, poster or similar item shall be liable for payment of the cost of removal thereof.

7. *General*

If the services, as intended in items 1 to 6 above, are rendered outside the municipality, all the amounts and minimum charges shall be increased as follows:—

(1) Items 1, 3, 4 and 6: By 25%.
(2) Item 5: By 50%.

PART III.

Connections.

1. The Council shall supply all materials and equipment and shall execute all work pertaining to a connection subject to the *advance* payment of the charges detailed in this Part.

2. Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, a connection charge exceeding R200 may be paid as follows: R200 or 20% of the total connection charge, whichever is the higher, as an advance cash payment and the balance in not more than 12 equal monthly instalments, beginning at the end of the month within which the connection is completed, at an interest rate of 12% per annum payable on the monthly balance.

3.(1) A connection charge shall be payable at least 14 days before the provision of a connection is commenced with: Provided that the Council shall not be under any obligation to provide a connection before—

(a) a suitable connection point is available;
(b) all applicable statutory requirements have been complied with; and
(c) material, equipment or labour is available.

(2) The provisions of subitem (1)(c) shall not apply to connections in terms of item 6(1) of this Part.

4. All materials and equipment supplied by the Council and which may be necessary to connect the installation of an applicant to the Council's distribution system, whether paid for by or on behalf of the applicant or not, shall vest in the Council who shall be responsible for the maintenance thereof.

5. Only one low voltage connection shall be provided to each premises: Provided that more than one such connection may be provided if in the opinion of the Council, such additional connection is—

(a) to the Council's advantage;
(b) not intended to evade the provisions of these by-laws or to avoid a higher tariff;
(c) intended as a *bona fide* alternative supply; or
(d) otherwise justified.

6. *Within the municipality, in or adjacent to a proclaimed township.*

(1) *Low voltage connections, not exceeding 80 amperes in any phase:—*

(a) *Underground connections.*

(i) *Single-phase.* A fixed charge of R60, plus the installation cost of the cable required from the erf boundary to the connection point on the consumer's premises, which shall be the cost per metre length of the cable plus 50c, multiplied by the length of the cable in metres.

Die persoon of organisasie wie se belange bevorder word deur so 'n biljet, plakkaat of dergelike stuk is aanspreeklik vir die koste van verwydering daarvan.

7. *Algemeen.*

Waar die voorsiening van dienste soos bedoel in items 1 tot 6 hierbo, buite die munisipaliteit geskied, word die bedrae en minimum vorderings soos volg vermeerder:—

(1) Items 1, 3, 4 en 6: Met 25%.
(2) Item 5: Met 50%.

DEEL III.

Aansluitings.

1. Die Raad verskaf alle materiaal en uitrusting en voer al die werk uit ten opsigte van 'n aansluiting onderworpe aan die *vooruitbetaling* van gelde in hierdie Deel uiteengesit.

2. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan 'n aansluitingsgeld wat meer as R200 bedra soos volg betaal word: R200 of 20% van die totale aansluitingsgeld, watter ook al die meeste is, as 'n vooruitkontantbetaling en die balans in nie meer nie as 12 gelyke maandelikse paaiemente, beginnende aan die einde van die maand waarin die aansluiting voltooi is, teen 'n rentekoers van 12% per jaar betaalbaar op die maandelikse balans.

3.(1) 'n Aansluitingsgeld is betaalbaar minstens 14 dae voordat met die verskaffing van die aansluiting begin word: Met dien verstande dat die Raad nie onder enige verpligting is nie om 'n aansluiting te verskaf alvorens—

(a) 'n geskikte aansluitingspunt beskikbaar is;
(b) aan enige toepaslike statutêre vereistes voldoen is; en
(c) materiaal, uitrusting of arbeid beskikbbaar is.

(2) Die bepalings van subitem (1)(c) is nie op aansluitings ingevolge item 6(1) van hierdie Deel van toepassing nie.

4. Alle materiaal en uitrusting deur die Raad verskaf en wat benodig word om 'n applikant se installasie by die Raad se verdeelstelsel aan te sluit, hetsy deur of namens die applikant daarvoor betaal is al dan nie, gaan oor op die Raad wat verantwoordelik is vir die instandhouding daarvan.

5. Slegs een laagspanningsaansluiting per perseel word verskaf: Met dien verstande dat meer as een sodanige aansluiting verskaf kan word indien, na die mening van die Raad, sodanige bykomende aansluiting—

(a) tot voordeel van die Raad is;
(b) nie bedoel is om die bepalings van hierdie verordeninge te omseil of om 'n hoër tarief te ontduik nie;
(c) bedoel is as 'n *bona fide* alternatiewe toevoer; of
(d) andersins geregverdig is.

6. *Binne die munisipaliteit, in of aangrensend tot 'n geproklameerde dorpsgebied.*

(1) *Laagspanningsaansluitings, 80 ampère in enige fase nie te bowegaande nie:—*

(a) *Ondergrondse aansluitings.*

(i) *Enkelfasig.* 'n Vaste heffing van R60, plus die installasiekoste van die kabel benodig vanaf die erfgrens tot by die aansluitingspunt op die verbruiker se perseel, wat die koste per meter lengte van die kabel plus 50c, vermenigvuldig met die lengte van die kabel in meter, is.

(ii) *Three-phase.* A fixed charge of R125, plus the installation cost of the cable required from the erf boundary to the point of connection on the consumer's premises which shall be the cost per metre length of the cable plus 50c, multiplied by the length of the cable in metres.

(iii) *G.P.O.-telephone booths.* The Council shall connect a 60 watt bulkhead light-fitting, which shall be provided and installed, complete with globe in the booth by the Post Office by means of a two-core 1,5 mm² copper underground cable to the Council's street lighting mains at cost price plus 10%. The Post Office shall be responsible for the earthing of the booth and lighting to the satisfaction of the engineer.

(b) *Overhead connections.* Overhead connections shall only be made under exceptional circumstances and only with the approval of the Council. The charges for any overhead connection shall amount to the cost of materials plus 25% subject to a minimum of R21.

(2) *Other connections.*

(a) *Three-phase low voltage connections not included in item 6(1):—*

	Fixed Charge. R
(i) Not exceeding 100 amperes in any phase	150
(ii) More than 100 amperes but not exceeding 150 amperes in any phase	200
(iii) More than 150 amperes but not exceeding 200 amperes in any phase	250
(iv) More than 200 amperes in any phase	500

(v) In addition to the applicable fixed charge in terms of subparagraphs (i) to (iv) inclusive, the installation cost of the cable required from the erf boundary to the connection point on the consumer's premises, which shall be the cost per metre length of the cable plus 50c, multiplied by the length of the cable in metres, shall be payable.

(vi) Any person who is required in terms of these by-laws to provide sub-station accommodation, shall be exempted from payment of the fixed charge.

(b) *High voltage connection in an industrial area.*

(i) A fixed charge for the first connection per premises:—

	R
(aa) Not exceeding 60 amperes in any phase	1 000
(bb) More than 60 amperes but not exceeding 180 amperes in any phase	2 000
(cc) More than 180 amperes but not exceeding 300 amperes in any phase	4 000

(ii) For a second connection the fixed charge shall be the actual cost of the connection from the nearest point on the Council's distribution system where suitable supply is available, to the erf boundary of the consumer, subject to a minimum

(ii) *Driefasig.* 'n Vaste heffing van R125, plus die installasiekoste van die kabel benodig vanaf die erfgrens tot by die aansluitingspunt op die verbruiker se perseel, wat die koste per meter lengte van die kabel plus 50c, vermenigvuldig met die lengte van die kabel in meter, is.

(iii) *H.P.K.-telefoonhokkies.* Die Raad moet 'n 60 watt-beskotlig, wat deur die Poskantoor volledig met lampie in die telefoonhokkie verskaf en geïnstalleer moet word, deur middel van 'n ondergrondse tweearige 1,5 m²-koperkabel met die Raad se straatliggeleidings verbind teen kosprys plus 10%. Die Poskantoor is verantwoordelik vir die aarding van die hokkie en verligting tot bevrediging van die ingenieur.

(b) *Bogrondse aansluitings.* Bogrondse aansluitings word alleenlik onder uitsonderlike omstandighede gemaak en slegs met die goedkeuring van die Raad. Die gelde vir enige bogrondse aansluiting bedra die materiaalkoste plus 25%, onderworpe aan 'n minimum van R21.

(2) *Ander aansluitings.*

(a) *Driefasige laagspanningsaansluitings nie by item 6(1) ingesluit nie:—*

	Vaste heffing R
(i) Nie 100 ampère in enige fase te bowegaande nie	150
(ii) Meer as 100 ampère maar nie 150 ampère in enige fase te bowegaande nie	200
(iii) Meer as 150 ampère maar nie 200 ampère in enige fase te bowegaande nie	250
(iv) Meer as 200 ampère in enige fase	500

(v) Benewens die toepaslike vaste heffing ingevolge subparagrawe (i) tot en met (iv), is die installasiekoste van die kabel benodig vanaf die erfgrens tot by die aansluitingspunt op die verbruiker se perseel, wat die koste per meter lengte van die kabel plus 50c, vermenigvuldig met die lengte van kabel in meter is, betaalbaar.

(vi) Enige persoon van wie dit kragtens hierdie verordeninge vereis word om subsentraleakkommodasie te verskaf, word vrygestel van die betaling van die vaste heffing.

(b) *Hoogspanningsaansluitings in 'n nywerheidsgebied.*

(i) 'n Vaste heffing vir die eerste aansluiting per perseel:—

	R
(aa) Nie 60 ampère in enige fase te bowegaande nie	1 000
(bb) Meer as 60 ampère maar nie 180 ampère in enige fase te bowegaande nie	2 000
(cc) Meer as 180 ampère maar nie 300 ampère in enige fase te bowegaande nie	4 000

(ii) Vir 'n tweede aansluiting is die vaste heffing die werklike koste van die aansluiting vanaf die naaste punt op die Raad se netwerk waar 'n geskikte toevoer beskikbaar is tot by die verbruiker se erfgrens, onderworpe aan 'n mini-

equal to the fixed charge, were such connection the first connection. If the consumer's metered demand during three successive months exceeds 5 000 kVA, the Council shall refund to the consumer an amount equal to the difference between the fixed charge paid in terms of this subparagraph and the fixed charge, were such connection a first connection.

(iii) In addition to the fixed charge in terms of subparagraphs (i) and (ii), the installation cost of the cable required from the erf boundary to the connection point on the consumer's premises, which shall be the cost per metre length of the cable plus R1, multiplied by the length of the cable in metres, shall be payable.

(iv) In all cases the Council shall install at the point of connection to the Council's distribution system, high voltage switchgear and protection which are, in the opinion of the Council, suitable and adequate for the supply concerned. Any additional requirements of the consumer shall be provided, if in the opinion of the Council, it is not unpractical, at cost price plus 10%.

(c) For high voltage connections not included under paragraph (b) of this item, the connection charge shall be the same as for high voltage connections in an industrial area: Provided the fixed charge for the first connection per premises be doubled.

(3) A connection shall be provided at such point on the premises concerned as determined by the Council: Provided that if an applicant requires the connection at another point and his application is approved, the applicant shall be responsible for payment of all additional costs, calculated at the applicable tariff, as though the additional connection cable were on the applicant's premises.

7. *Outside the municipality.*

(1) The charges for a connection within 30 metres from the Council's mains on the property of the applicant or within 30 metres from the boundary of the property nearest to the Council's mains, whichever is the closer, shall be as follows: —

(a) *Low voltage connections.*

(i) Single-phase: R100.

(ii) Three-phase: —

(aa) Not exceeding 80 amperes in any phase: R200.

(bb) More than 80 amperes, but not exceeding 100 amperes in any phase: R250.

(cc) More than 100 amperes but not exceeding 150 amperes in any phase: R325.

(dd) More than 150 amperes but not exceeding 200 amperes in any phase: R400.

(ee) More than 200 amperes in any phase: R800.

(b) *High voltage connections.*

Up to a maximum of 30 amperes in any phase: R1 000.

(2) If the connection point is required outside the limits mentioned in subitem (1), the applicant shall pay, over and above the charges mentioned in the said subitem, an amount based on the installation cost of the additional length of the connection plus 10%.

mum gelykstaande met die vaste heffing, sou dit die eerste aansluiting wees. Indien die verbruiker se afgemete aanvraag gedurende drie agtereenvolgende maande 5 000 kVA oorskry, betaal die Raad aan die verbruiker 'n bedrag terug gelykstaande met die verskil tussen die vaste heffing ingevolge hierdie subparagraaf betaal en die vaste heffing sou die aansluiting 'n eerste aansluiting wees.

(iii) Benewens die vaste heffing ingevolge subparagrawe (i) en (ii) is die installasie van die kabel benodig vanaf die erfgrens tot by die aansluitingspunt op die verbruiker se perseel, wat die koste per meter lengte van die kabel plus R1, vermenigvuldig met die lengte van kabel in meter is, betaalbaar.

(iv) In alle gevalle installeer die Raad by die punt van aansluiting met die Raad se netwerk hoogspanningskakeltuig en beveiliging, wat na die mening van die Raad, geskik en voldoende is vir die betrokke toevoer. Enige bykomende benodigdhede van die verbruiker word voorsien indien dit, na die mening van die Raad nie onprakties is nie, teen kosprys plus 10%.

(c) Vir hoogspanningsaansluitings wat nie onder paragraaf (b) van hierdie item ingesluit is nie, is die aansluitingsgeld soos vir hoogspanningsaansluitings in 'n nywerheidsgebied: Met dien verstande dat die vaste heffing vir die eerste aansluiting per perseel verdubbel word.

(3) 'n Aansluiting word voorsien op sodanige punt op die betrokke perseel as wat die Raad bepaal: Met dien verstande dat indien 'n applikant die aansluiting op 'n ander punt verlang en sy aansoek goedgekeur word, die applikant aanspreeklik is vir die betaling van alle addisionele koste, bereken teen die toepaslike tarief, asof die addisionele aansluitingskabel op die applikant se perseel sou wees.

7. *Buite die Munisipaliteit.*

(1) Die gelde vir 'n aansluiting binne 30 m vanaf die Raad se hoofgeleidings op die eiendom van die applikant of binne 30 m vanaf die grens van die eiendom naaste aan die Raad se hoofgeleidings, watter ook al die naaste is, is as volg:—

(a) *Laagspanningsaansluitings.*

(i) Enkelfasig: R100.

(ii) Driefasig:—

(aa) Nie 80 ampère in enige fase te bowegaande nie: R200.

(bb) Meer as 80 ampère, maar nie 100 ampère in enige fase te bowegaande nie: R250.

(cc) Meer as 100 ampère maar nie 150 ampère in enige fase te bowegaande nie: R325.

(dd) Meer as 150 ampère maar nie 200 ampère in enige fase te bowegaande nie: R400.

(ee) Meer as 200 ampère in enige fase: R800.

(b) *Hoogspanningsaansluitings.*

Tot hoogstens 30 ampère in enige fase: R1 000.

(2) As die aansluitingspunt verlang word buite die perke vermeld in subitem (1), moet die applikant bo en behalwe die gelde vermeld in genoemde subitem, 'n bedrag betaal gebaseer op die installasiekoste van die addisionele lengte van aansluiting, plus 10%.

8. *Temporary connections.*

Temporary connections shall be provided for a period not exceeding 18 months. The charges for temporary connections shall be as detailed in items 6 and 7 of this Part. If a temporary connection is removed within 12 months from the date of connection, the Council shall refund to the applicant an amount equal to the cost of the materials installed reduced by:—

(a) depreciation based on 10% of such cost plus 5% per full calendar month from the date of connection to the date upon which notification of removal is received; and

(b) the cost of removal of the temporary connection.

9. *Replacement of connections.*

(1) If an existing permanent overhead connection is replaced by an underground connection, the charges in terms of items 6 and 7 shall be reduced as follows: —

(a) If the underground connection is single-phase, by R30.

(b) If the overhead connection is three-phase, by R50.

(2)(a) Should a consumer desire that his underground connection be replaced by a connection of increased rating, the applicable tariff in terms of items 6 and 7 shall be payable for the connection of increased rating.

(b) Should in the opinion of the Council materials and equipment thus reclaimed be still serviceable, the consumer shall be credited with a part of the estimated charges for the original connection at the current tariff on the following basis: —

(i) If the original cable was connected not more than one year previously: Two-thirds.

(ii) If the original cable was connected more than one year but not more than five years previously: One-third.

(ii) Otherwise: Nil.

10. *More than one consumer per connection.*

(1) If there is more than one consumer per connection the following additional charges shall be levied: —

(a) For each additional single-phase consumer: R10.

(b) For each additional three-phase consumer: R40.

(2) Only one consumer per high voltage connection shall be allowed.

11. *General.*

(1) For the purposes of this Part "*connection charge*" means the connection charge as estimated by the engineer on the basis of current prices, wages and tariffs as method of approach.

(2) If the estimated connection charge, excluding the fixed or minimum charge, exceeds R200, the actual cost of the completed connection shall be determined and an adjustment shall be made should there be a difference between the actual and estimated costs.

(3) If a connection charge is not paid within 90 days from the date of the estimate or if the connection concerned is not completed within the same period, the estimate shall lapse and a new estimate shall be made."

PB. 2-4-2-36-26

8. *Tydelike Aansluitings.*

Tydelike aansluitings word verskaf vir 'n tydperk van hoogstens 18 maande. Die gelde vir tydelike aansluitings is soos vervat in items 6 en 7 van hierdie Deel. Indien 'n tydelike aansluiting binne 12 maande van aansluitingsdatum af verwyder word, betaal die Raad aan die applikant 'n bedrag terug wat gelyk is aan die koste van die materiaal geïnstalleer, verminder met —

(a) waardevermindering gebaseer op 10% van sodanige koste plus 5% per volle kalendermaand vanaf die aansluitingsdatum tot die datum waarop kennis van verwydering ontvang is; en

(b) die koste van die verwydering van die tydelike aansluiting.

9. *Vervanging van Aansluitings.*

(1) Indien 'n bestaande permanente bogrondse aansluiting vervang word deur 'n ondergrondse aansluiting, word die gelde ingevolge items 6 en 7 soos volg verminder:—

(a) Indien die ondergrondse aansluiting enkelfasig is, met R30.

(b) Indien die bogrondse aansluiting driefasig is, met R50.

(2)(a) Indien 'n verbruiker verlang dat sy ondergrondse aansluiting vervang word deur 'n groter aansluiting, is die toepaslike gelde ingevolge items 6 en 7 vir die groter aansluiting betaalbaar.

(b) Indien die materiaal en toerusting wat aldus herwin word, na die mening van die Raad nog bruikbaar is, word die verbruiker gekrediteer met 'n gedeelte van die geraamde geld vir die oorspronklike aansluiting teen die heersende tarief, op die volgende basis:—

(i) Indien die oorspronklike kabel nie langer nie as een jaar vantevore aangesluit is: Twee-derdes.

(ii) Indien die oorspronklike kabel langer as een jaar maar nie langer nie as vyf jaar vantevore aangesluit is: Een-derde.

(iii) Andersins: Geen.

10. *Meer as een Verbruiker per Aansluiting.*

(1) Indien daar meer as een verbruiker per aansluiting is, word die volgende bykomende gelde gehef:—

(a) Vir elke bykomende enkelfasige verbruiker: R10.

(b) Vir elke bykomende driefasige verbruiker: R40.

(2) Slegs een verbruiker per hoogspanningsaansluiting word toegelaat.

11. *Algemeen.*

(1) Vir die toepassing van hierdie Deel beteken, '*aansluitingsgeld*' die aansluitingsgeld soos deur die ingenieur geraam, met heersende pryse, lone en tariewe as uitgangspunt.

(2) Indien die geraamde aansluitingsgeld, uitgenome die vaste of minimum heffing, meer as R200 is, word die werklike koste van die voltooide aansluiting bepaal en word 'n aansuiwering gemaak indien daar 'n verskil tussen die werklike en geraamde kostes is.

(3) Indien 'n aansluitingsgeld nie binne 90 dae vanaf die datum van raming betaal, of die betrokke aansluiting nie binne dieselfde tydperk voltooi word nie, verval die raming en word 'n raming opnuut gemaak."

P.B. 2-4-2-36-26.

Administrator's Notice 2346 27 December, 1972

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO MEAT BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Meat By-laws of the Johannesburg Municipality published under Administrator's Notice 134, dated 10 February 1965, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution in section 4(1) for the expression "50 pounds in weight" of the expression "25 kg mass",

2. By the substitution in section 5 for the expression "50 lbs. in weight" of the expression "25 kg mass",

3. By the substitution in section 7 for the expressions "70 quare feet" and "100 square feet" of the expressions "7 m²" and "10 m²" respectively,

4. By the substitution in section 10(2)(b) for the expressions "6.5 square metres" and "2 metres" of the expressions "7 m²" and "2,2 m" respectively,

5. By the substitution in section 17(3) for the words "six inches" and "four inches" of the expressions "150 mm" and "100 mm" respectively,

6. By the substitution in section 17(4) for the words "one inch" of the expression "25 mm".

7. By the substitution in section 17(11) for the words "four inches" of the expression "100 mm",

8. By the substitution in item 7 of the Schedule for the words "nine inches" of the expression "225 mm".

PB. 2-4-2-77-2

Administrator's Notice 2347 27 December, 1972

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FISHMONGERS AND FISH-FRIERS BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Fishmongers and Fish-Friers By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 569, dated 28 July 1965, are hereby amended as follows:—

1. By the substitution in section 2(2) for the expression "100 square feet", wherever it occurs, of the expression "10 m²",

2. By the substitution in section 2(3) for the expressions "150 square feet" and "100 square feet" of the expressions "15 m²" and "10 m²" respectively,

3. By the substitution in section 2(5) for the expression "16 inches" of the expression "400 mm",

4. By the substitution in section 3(5) for the expression "70 square feet" of the expression "6,5 m²",

5. By the substitution in section 6 for the expression "12 gallons" and the words "nine inches" of the expressions "55 l" and "225 mm" respectively.

PB. 2-4-2-77-2

Administrateurskennisgewing 2346 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN VLEISVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Vleisverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 134 van 10 Februarie 1965, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur 'n artikel 4(1) die woorde "wat hoogstens vyftig pond weeg" deur die uitdrukking "wat 'n massa van hoogstens 25 kg het" te vervang,

2. Deur in artikel 5 die woorde "met 'n gewig van hoogstens vyftig pond" deur die uitdrukking "met 'n massa van hoogstens 25 kg" te vervang,

3. Deur in artikel 7 die uitdrukkings "70 vierkant voet" en "100 vierkante voet" onderskeidelik deur die uitdrukkings "7 m²" en "10 m²" te vervang,

4. Deur in artikel 10(2)(b) die uitdrukkings "6.5 vierkante meter" en "2 meter" onderskeidelik deur die uitdrukkings "7 m²" en "2,2 m" te vervang,

5. Deur in artikel 17(3) die woorde "ses duim" en "vier duim" onderskeidelik deur die uitdrukkings "150 mm" en "100 mm" te vervang,

6. Deur in artikel 17(4) die woorde "een duim" deur die uitdrukking "25 mm" te vervang,

7. Deur in artikel 17(11) die woorde "vier duim" deur die uitdrukking "100 mm" te vervang,

8. Deur in item 7 van die Bylae die woorde "nege duim" deur die uitdrukking "225 mm" te vervang.

PB. 2-4-2-77-2

Administrateurskennisgewing 2347 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN VISVERKOPERS- EN VISBAKKERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Visverkopers- en Visbakkersverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 569 van 28 Julie 1965, word hierby soos volg gewysig: —

1. Deur in artikel 2(2) die uitdrukking "100 vierkante voet", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "10 m²" te vervang,

2. Deur in artikel 2(3) die uitdrukkings "150 vierkante voet" en "100 vierkante voet" onderskeidelik deur die uitdrukkings "15 m²" en "10 m²" te vervang,

3. Deur in artikel 2(5) die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm" te vervang,

4. Deur in artikel 3(5) die uitdrukking "70 vierkante voet" deur die uitdrukking "6,5 m²" te vervang,

5. Deur in artikel 6 die uitdrukking "12 gellings" en die woorde "nege duim" onderskeidelik deur die uitdrukkings "55 l" en "225 mm" te vervang.

PB. 2-4-2-77-2

Administrator's Notice 2348 27 December, 1972

BELFAST MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS AND WIRING REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws and Wiring Regulations of the Belfast Municipality, published under Administrator's Notice 272, dated 21 June 1926, as amended, are hereby further amended by amending the Electricity Supply Tariff under Section IV as follows:—

1. By the subsitution in item 1(2)(b)(i) under the heading "Basic Units" for the figures "150", "300", "450", "600" and "750" of the figures "500" respectively.

2. By the substitution in item 1(2)(b)(ii) under the heading "Basic Units" for the figures "800", "1,200", "1,600", "2,000", "2,400" and "2,800" of the figures "1 600" respectively.

3. By the substitution in item 1(2)(b)(iii)(aa) and (bb) for the figures "1.2" and "0.7" of the figures "1,5c" and "1c" respectively.

4. By the substitution in item 2(2)(b)(iii) for the figure "0.7c" of the figure "1c".

PB. 2-4-2-36-47

Administrator's Notice 2349 27 December, 1972

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes —

(a) that the Village Council of Leeuwdoornsstad has in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Electricity By-laws, published under Administrator's Notice 1627, dated 24 November 1971, as by-laws made by the said Council; and

(b) the Tariff of Charges hereto as a Schedule to the said standard by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

"SCHEDULE.

TARIFF OF CHARGES.

1. *Domestic Consumers.*

(1) This tariff shall be applicable in respect of electricity supplied or made available to —

(a) a dwelling;

(b) a flat;

(c) a boarding house;

(d) a charitable institution;

(e) a church or church hall;

Administrateurskennisgewing 2348 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT BELFAST: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSBYWETTE EN DRAADAANLEGREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsbywette en Draadaanlegregulasies van die Munisipaliteit Belfast, afgekondig by Administrateurskennisgewing 272 van 21 Junie 1926, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Elektrisiteitstarief onder Seksie IV soos volg te wysig:—

1. Deur in item 1(2)(b)(i) onder die opskrif "Basiese eenhede" die syfers "150", "300", "450", "600", en "750" onderskeidelik deur die syfers "500" te vervang.

2. Deur in item 1(2)(b)(ii) onder die opskrif "Basiese eenhede" die syfers "800", "1,200", "1,600", "2,000", "2,400" en "2,800" onderskeidelik deur die syfers "1 600" te vervang.

3. Deur in item 1(2)(b)(iii)(aa) en (bb) die syfers "1.2c" en "0.7" onderskeidelik deur die syfers "1,5" en "1c" te vervang.

4. Deur in item 2(2)(b)(iii) die syfer "0.7" deur die syfer "1c" te vervang.

PB. 2-4-2-36-47

Administrateurskennisgewing 2349 27 Desember 1972

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: AANNAME VAN STANDAARDELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 —

(a) Dat die Dorpsraad van Leeuwdoornsstad die Standaardelektrisiteitsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1627 van 24 November 1971, ingevolge artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en

(b) die Tarief van Gelde hierby as 'n Bylae by genoemde standaardverordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE.

1. *Huishoudelike Verbruikers.*

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan —

(a) 'n woonhuis;

(b) 'n woonstel;

(c) 'n losieshuis;

(d) 'n liefdadigheidsinrigting;

(e) 'n kerk of kerksaal;

(f) a hostel;

(g) a convent;

(h) a club or hall not licensed in terms of the Liquor Act;

(i) an amateur sport club;

(j) a hospital, nursing and maternity home;

(k) a Farmer's Association Hall;

(l) a water pump with a load current more than those specified under item 3(1).

2. *The Following Charges shall be Payable, per Month.*

(a) *Service Charge.*

The following service charge per metering point shall be payable, whether electricity is consumed or not:—

Group	*Service Circuit Breaker*	*Service Charge*
		R
(i)	10 Amps current restriction 1-phase	4,00
(ii)	30 Amps current restriction 1-phase	6,00
(iii)	40 Amps current restriction 1-phase	7,00
(iv)	50 Amps current restriction 1-phase	8,00
(v)	60 Amps current restriction 1-phase	9,00
(vi)	5 Amps current restriction 3-phase	3,00
(vii)	20 Amps current restriction 3-phase	7,00
(viii)	30 Amps current restriction 3-phase	8,00
(ix)	40 Amps current restriction 3-phase	9,00
(x)	50 Amps current restriction 3-phase	11,50
(xi)	60 Amps current restriction 3-phase	13,50
(xii)	70 Amps current restriction 3-phase	15,50
(xiii)	80 Amps current restriction 3-phase	20,00
(xiv)	90 Amps current restriction 3-phase	27,00
(xv)	100 Amps current restriction 3-phase	31,00

(b) *Consumption charges.* Per unit: 0,5c.

2. *Temporary Consumers.*

The following charges shall be payable, per month per metering point whether electricity is consumed or not:—

(1) Service Charge: R4.

(2) Consumption charge: Per unit: 5c.

3. *Water Pumps.*

The following charges shall be payable, per month:—

(1) *Service charge.*

The following service charge per metering point shall be payable whether electricity is consumed or not:—

Group	*Service Circuit Breaker*	*Service Charge*
		R
(i)	10 Amps current restriction 3-phase	2,00
(ii)	20 Amps current restriction 1-phase	3,00
(iii)	10 Amps current restriction 3-phase	3,00

(2) *Consumption charge:* Per unit: 0,5c.

4. *General Consumers.*

(1) This tariff shall apply to consumers other than those specifically classified under items 1, 2, 3, 6 and 7.

(f) 'n koshuis;

(g) 'n klooster;

(h) 'n klub of saal wat nie ingevolge die drankwet gelisensieer is nie;

(i) 'n amateursportklub;

(j) 'n hospitaal, verpleeg- en kraaminrigting;

(k) 'n Boereverenigingsaal;

(l) 'n waterpomp met 'n belastingstroom van meer as dié aangegee onder item 3(1).

(2) *Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:—*

(a) *Diensheffing.*

Die volgende diensheffing, per meteraansluitingspunt, is betaalbaar of elektrisiteit verbruik word of nie:—

Groep	*Diensstroombrekers*	*Diensheffing*
		R
(i)	10 Amp.-stroombeperking 1-fasig	4,00
(ii)	30 Amp.-stroombeperking 1-fasig	6,00
(iii)	40 Amp.-stroombeperking 1-fasig	7,00
(iv)	50 Amp.-stroombeperking 1-fasig	8,00
(v)	60 Amp.-stroombeperking 1-fasig	9,00
(vi)	5 Amp.-stroombeperking 3-fasig	3,00
(vii)	20 Amp.-stroombeperking 3-fasig	7,00
(viii)	30 Amp.-stroombeperking 3-fasig	8,00
(ix)	40 Amp.-stroombeperking 3-fasig	9,00
(x)	50 Amp.-stroombeperking 3-fasig	11,50
(xi)	60 Amp.-stroombeperking 3-fasig	13,50
(xii)	70 Amp.-stroombeperking 3-fasig	15,50
(xiii)	80 Amp.-stroombeperking 3-fasig	20,00
(xiv)	90 Amp.-stroombeperking 3-fasig	27,00
(xv)	100 Amp.-stroombeperking 3-fasig	31,00

(b) *Verbruiksheffing.* Per eenheid: 0,5c.

2. *Tydelike Verbruikers.*

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand per aansluitingspunt, of elektrisiteit verbruik word of nie:—

(1) Diensheffing: R4.

(2) Verbruiksheffing: Per eenheid: 5c.

3. *Waterpompe.*

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:—

(1) *Diensheffing.*

Die volgende diensheffing, per meteraansluitingspunt, is betaalbaar of elektrisiteit verbruik word of nie:—

Groep	*Diensstroombrekers*	*Diensheffing*
		R
(i)	10 Amp.-stroombeperking 1-fasig	2,00
(ii)	20 Amp.-stroombeperking 1-fasig	3,00
(iii)	10 Amp.-stroombeperking 3-fasig	3,00

(2) *Verbruiksheffing:* Per eenheid: 0,5c.

4. *Algemene Verbruikers.*

(1) Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers wat nie uitdruklik onder items 1, 2, 3, 6 en 7 ingedeel is nie.

(2) The following charges shall be payable, per month:—

(a) *Service charge.*

The following service charge, per metering point, shall be payable whether electricity is consumed or not:—

Group	*Service Circuit Breaker*	*Service Charge*
		R
(i)	10 Amps current restriction 1-phase	4,00
(ii)	20 Amps current restriction 1-phase	8,00
(iii)	30 Amps current restriction 1-phase	10,00
(iv)	40 Amps current restriction 1-phase	12,00
(v)	50 Amps current restriction 1-phase	14,00
(vi)	60 Amps current restriction 1-phase	16,00
(vii)	10 Amps current restriction 3-phase	8,00
(viii)	20 Amps current restriction 3-phase	16,00
(ix)	30 Amps current restriction 3-phase	26,00
(x)	40 Amps current restriction 3-phase	36,00
(xi)	50 Amps current restriction 3-phase	46,00
(xii)	60 Amps current restriction 3-phase	60,00
(xiii)	70 Amps current restriction 3-phase	65,00
(xiv)	80 Amps current restriction 3-phase	70,00
(xv)	90 Amps current restriction 3-phase	75,00
(xvi)	100 Amps current restriction 3-phase	80,00

(b) *Consumption charge:* Per unit: 0,5c.

5. *Low Voltage Supply on Maximum Demand.*

(1) This tariff shall apply to consumers with a installed load current more than those specified under items 1 and 4.

(2) *The following charges shall be payable, per month:—*

(a) Monthly maximum demand charge, per amp, based on the total amps metered by three single-phase ampere maximum demand meters: 35c.

(b) Minimum charge payable in respect of maximum demand, per month: R70.

(c) Consumption charge: Per unit: 0,5c.

6. *Additional Service Charge.*

(1) *Two-phase connections.* Consumers classified under items 1 and 4 to whom electricity is supplied by means of a two-phase connection shall, in addition to the service charges payable in respect of single-phase connections in terms of items 1 and 4, pay a monthly service charge of R1 per metering point.

(2) *Water pumps.* Where the electricity consumed by any electrically powered water pump is registered by means of the same meter registering electricity consumption in terms of items 1, 2 and 4, an additional service charge of 50c per month in respect of such pump shall be payable.

7. *High Tension Bulk Supply.*

(1) A consumer with a maximum demand exceeding 50 kVA may, at the discretion of the engineer, be required to take his supply from the high tension mains in bulk, to be transformed down by such consumer to suit his own requirements. Such supply shall be metered at high tension.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:—

(a) *Diensheffing.*

Die volgende diensheffing, per meteraansluitingspunt, is betaalbaar of elektrisiteit verbruik word of nie:—

Groep	*Diensstroombrekers*	*Diensheffing*
		R
(i)	10 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	4,00
(ii)	20 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	8,00
(iii)	30 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	10,00
(iv)	40 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	12,00
(v)	50 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	14,00
(vi)	60 Amp.-stroombeperking 1-Fasig	16,00
(vii)	10 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	8,00
(viii)	20 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	16,00
(ix)	30 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	26,00
(x)	40 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	36,00
(xi)	50 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	46,00
(xii)	60 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	60,00
(xiii)	70 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	65,00
(xiv)	80 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	70,00
(xv)	90 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	75,00
(xvi)	100 Amp.-stroombeperking 3-Fasig	80,00

(b) *Verbruiksheffing.* Per eenheid: 0,5c.

5. *Laagspanningstoevoer op Maksimumaanvraag.*

(1) Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers met 'n geïnstalleerde belastingstroom wat meer is as dié aangegee onder items 1 en 4.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:—

(a) Maksimumaanvraagheffing, per ampère gebaseer op die totale aantal ampères soos gemeter deur drie enkelfasige ampèremaksimumaanvraagmeters: 35c.

(b) Minimumheffing betaalbaar ten opsigte van maksimumaanvraag: R70.

(c) Verbruiksheffing: Per eenheid: 0,5c.

6. *Bykomende Diensheffing.*

(1) *Twee-fasige aansluitings.* Verbruikers ingedeel onder items 1 en 4 aan wie elektrisiteit deur middel van 'n tweefasige aansluiting voorsien word, betaal, benewens die diensheffingsgelde betaalbaar ten opsigte van eenfasige aansluitings ingevolge item 1 en 4, 'n bykomende diensheffing van R1 per aansluitingspunt, per maand.

(2) *Waterpompe.* Waar die elektrisiteitsverbruik van enige elektries-aangedrewe waterpomp gemeter word deur middel van dieselfde meter wat elektrisiteitsverbruik ingevolge items 1, 2 en 4 meter, is 'n bykomende diensheffing van 50c per maand ten opsigte van elke sódanige waterpomp betaalbaar.

7. *Grootmaat-Hoogspanningstoevoer.*

(1) Die ingenieur kan na goeddunke vereis dat 'n verbruiker met 'n maksimumaanvraag van meer as 50 kVA, sy lewering in grootmaat van die hoogspanningshoofleidings af moet neem, wat deur sodanige verbruiker verminder kan word om aan sy behoeftes te voldoen. Sodanige toevoer word teen hoogspanning gemeter.

(2) *The following charges shall be payble, per month:—*

(a) *Up to and including an installed capacity of 250 kVA:*

(i) Maximum demand charge per kVA as metered by half-hourly maximum demand meters: R2.

(ii) Minimum charge payable in respect of maximum demand: R100.

(iii) Consumption charge: Per unit: 0,4c.

(b) *An installed capacity exceeding 250 kVA:*

(i) Maximum demand charge per kVA as metered by half-hourly maximum demand meters: R2.

(ii) Minimum charge payable in respect of maximum demand: R200.

(iii) Consumption charge: Per unit: 0,4c.

(c) *Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Bpk., Head Office.*

(i) Maximum demad charge per kVA as metered by half-hourly maximum demand meters: R2.

(ii) Minimum charge payable in respect of maximum demand: R443.

(iii) Consumption charge: Per unit: 0,4c.

8. *Consumers Outside the Municipality.*

Consumers outside the municipality shall pay the charges prescribed under items 1 to 7, plus if the Council approves after due consultation with the engineer, an extension charge calculated by the engineer and based on the estimated maximum demand of a consumer and the length of the extension line measured from the nearest supply main to the meter connection point: Provided that the extension charge may be shared, on a basis to be determined by the Council, by a number of consumers served by the same extension line or a portion thereof.

9. *Municipal Supply.*

Electricity supply for municipal purposes shall be charged at cost.

10. *Determination of Applicable Tariff.*

(1) A consumer shall apply in writing for the installation of a service circuit breaker in his installation and choose a current restriction. Upon failure to apply or make a choice in this manner, the engineer shall, at his discretion, have a service circuit breaker installed.

(2) No change of current restriction will be made unless the consumer has applied therefor in writing and has paid an amount of R6.

11. *Pro rata Distribution of Monthly Charge.*

If the period in respect of which an account is rendered in less than a month by reason of the date on which the consumer has entered into an agreement with the Council or on which he has terminated such agreement, or by reason of the fact that the meter reading routine has changed basically, the monthly basic charge and maximum demand charge shall, in respect of such period for which the account was rendered be determined by a *pro rata* distribution of monthly charges.

(2) *Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:—*

(a) *Tot en met 'n geïnstalleerde vermoë van as 250 kVA:*

(i) Maksimumaanvraagheffing, per kVA, soos gemeter deur halfuurlikse maksimumaanvraag meters: R2.

(ii) Minimumheffing betaalbaar ten opsigte van maksimumaanvraag: R100.

(iii) Verbruiksheffing: Per eenheid: 0,4c.

(b) *'n Geïnstalleerde vermoë hoër as 250 kVA:*

(i) Maksimumaanvraagheffing, per kVA, soos gemeet deur halfuurlikse maksimumaanvraag meters: R2.

(ii) Minimumheffing betaalbaar ten opsigte van maksimumaanvraag: R200.

(iii) Verbruiksheffing: Per eenheid: 0,4c.

(c) *Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie, Bpk., Hoofkantoor:*

(i) Maksimumaanvraagheffing, per kVA., soos gemeter deur 'n halfuurlikse maksimumaanvraagmeter: R1,75.

(ii) Minimumheffing betaalbaar ten opsigte van maksimumaanvraag: R443.

(iii) Verbruiksheffing: Per eenheid: 0,4c.

8. *Verbruikers Buite die Munisipaliteit.*

Verbruikers buite die Munisipaliteit betaal die gelde ingevolge items 1 tot en met 7 voorgeskryf, plus 'n uitbreidingsheffing indien die Raad so sou besluit na oorlegpleging met die ingenieur en wat hy bereken en baseer op die beraamde maksimum aanvraag van 'n verbruiker en die lengte van die uitbreidingslyn gemeet vanaf die naaste bestaande toevoerleiding tot by die meteraansluitingspunt: Met dien verstande dat die uitbreidingsheffing deur 'n aantal verbruikers wat deur dieselfde uitbreidingslyn of gedeelte daarvan bedien word, gedeel kan word volgens 'n verdeling deur die Raad bepaal.

9. *Munisipale Lewering.*

Elektrisiteit gelewer vir munisipale doeleindes word teen koste gehef.

10. *Bepaling van Toepaslike Tarief.*

(1) 'n Verbruiker moet skriftelik aansoek doen vir die aanbring van 'n diensstroombreker in sy installasie en 'n stroombeperkingskeuse maak. By versuim om aldus aansoek te doen of 'n keuse te maak laat die ingenieur volgens eie oordeel 'n diensstroombreker aanbring.

(2) Geen verandering van die stroombeperking word gemaak nie, tensy die verbruiker skriftelik daarom aansoek gedoen het en 'n bedrag van R6 gestort het.

11. *Eweredige Verdeling van Maandelikse Heffing.*

Indien die tydperk waarvoor 'n rekening gelewer is minder as 'n maand beloop as gevolg van die datum waarop die verbruiker 'n kontrak met die Raad aangegaan het, of waarop hy so 'n kontrak beëindig het, of as gevolg van die feit dat die meterlesingroetine basies verander het, word die vaste maandelikse heffing en maksimum aanvraagheffing ten opsigte van so 'n tydperk waarvoor 'n rekening gelewer is, op 'n eweredige verdeling van maandelikse heffings vasgestel.

12. *Service Connections.*

Service connections shall be made as far as possible by means of underground cable and the following charges shall be payable in advance by the applicant:—

(1) *New and Temporary Connections.*

(a) The charges payable in respect of any connection for the supply of electricity shall amount to the actual cost of material, labour and transport used for such connection, plus a surcharge of 20% on such amount for administration costs.

(b) For the purpose of calculating the charges payable in terms of paragraph (a), the supply lead to any premises shall be deemed to be connected to the supply main in the centre of the street in which such main is situated.

(2) Where there is more than one consumer on an erf or in a building, or where buildings on separate erven are interconnected, the Council reserves the right to supply one connection only to such a group of consumers.

(3) *Existing Overhead Connections.*

(a) Existing overhead connections shall, where deemed necessary by the engineer in the interests of safety, be replaced by underground cable connections.

(b) If a replacement is effected at the request of a consumer or has to be effected in the case of a complete replacement of the internal wiring of any premises or at the direction of the engineer, a consumer's contribution towards the cost of the replacement of a service connection shall be calculated at 50% of the actual cost calculated in consequence of subitem (1).

13. *Charges for Reconnection.*

(1) Where premises have been disconnected temporarily for non-payment of accounts or non-compliance with any of the provisions of these by-laws or the Wiring Regulations, a charge of R2 shall be payable to the Council before reconnection of the premises shall be effected.

(2) Where premises have been disconnected temporarily at the request of the consumer the following charges shall be payable to the Council before the supply to the premises is reconnected:—

(a) In respect of a disconnection for 30 days or more: R3.

(b) In respect of a disconnection for less than 30 days: R4.

14. *Charges for Examining Consumers' Faults.*

Where the Council's electricity undertaking is called upon to examine a failure of supply and it is found that such failure is due to a fault in the installation or due to faulty operating of apparatus used in connection therewith, a charge of R3 shall be payable by the consumer for each such examination.

15. *Charges for Special Reading of Meters.*

(1) Consumers' meters shall be read as near as is reasonably possible at intervals of three months. Where a consumer requires his meter to be read at any time other than the appointed date, a charge of R1 shall be payable in advance for such reading.

12. *Verbruikersaansluitings.*

Verbruikersaansluitings geskied sover moontlik deur middel van ondergrondse kabels en die volgende aansluitingsgelde moet deur die aansoeker vooruit betaal word:—

(1) *Nuwe en Tydelike Aansluitings.*

(a) Die gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting vir die lewering van elektrisiteit bedra die werklike koste van materiaal, arbeid en vervoer wat vir sodanige aansluiting gebruik word, plus 'n toeslag van 20% op sodanige bedrag vir administrasiekoste.

(b) Vir die berekening van die gelde betaalbaar ingevolge paragraaf (a) word geag dat die toevoerleiding na enige perseel by die middel van die straat waarin die hooftoevoerleiding geleë is, by sodanige hooftoevoerleiding aangesluit is.

(2) Waar daar meer as een verbruiker op 'n erf of in 'n gebou is, of waar geboue op afsonderlike erwe onderling verbind is, behou die Raad hom die reg voor om slegs een aansluiting aan so 'n groep verbruikers te verskaf.

(3) *Bestaande Oorhoofse Aansluitings.*

(a) Bestaande oorhoofse aansluitings, waar nodig geag deur die ingenieur in die belang van veiligheid, word deur ondergrondse kabelaansluitings vervang.

(b) Indien 'n vervanging op aansoek van 'n verbruiker geskied of by algehele vervanging van die interne bedrading van 'n perseel of op las van die ingenieur moet geskied, word die verbruiker se bydrae tot die koste van die vervanging bereken teen 50% van die werklike koste bereken ingevolge subitem (1).

13. *Gelde vir Heraansluitings.*

(1) Wanneer 'n perseel weens die nie-betaling van rekenings of die nie-nakomnig van enige van die bepalings van hierdie verordeninge of die Bedradingsregulasies tydelik afgesluit is, moet 'n vordering van R2 aan die Raad betaal word voordat heraansluiting van die perseel geskied.

(2) Wanneer 'n perseel op versoek van 'n verbruiker tydelik afgesluit is, moet die volgende bedrae aan die Raad betaal word voordat heraansluiting van die perseel geskied:—

(a) Ten opsigte van 'n afsluiting vir 30 dae of langer: R3.

(b) Ten opsigte van 'n afsluiting vir korter as 30 dae: R4.

14. *Gelde vir Ondersoek van Defekte waarvoor die Verbruiker Verantwoordelik is.*

Wanneer die Raad se elektrisiteitsonderneming versoek word om 'n onderbreking van toevoer te ondersoek en daar bevind word dat sodanige onderbreking te wyte is aan 'n fout in die installasie of aan foutiewe hantering van die apparaat wat in verband daarmee gebruik word, betaal die verbruiker 'n vordering van R3 vir elke sodanige ondersoek.

15. *Gelde vir Spesiale Meteraflesing.*

(1) Sover dit redelik moontlik is, word verbruikers se meters met tussenpose van drie maande afgelees. Wanneer die verbruiker verlang dat sy meter op enige ander tyd as die vasgestelde datum afgelees word, is 'n vordering van R1 ten opsigte van sodanige aflesing vooruitbetaalbaar.

(2) If a consumer disputes the correctness of a meter reading, the meter shall be re-read by the Council on payment by the consumer of a charge of R1. This amount shall be refunded if the original reading is found to be incorrect.

16. *Charges for Testing Electricity Meters.*

Upon receipt of a notification in terms of section 9(1) and on payment by the consumer of an amount of R4 for a single-phase meter and R6 for a three-phase meter, the engineer shall subject the meter to a test.

17. *General Services.*

Any service rendered at the request of a consumer and not provided for in this tariff, shall be charged for at cost plus 20% thereon.

18. *Charges for Inspection and Testing of Installations.*

(1) Upon receipt of notification in terms of section 17 (7) that an installation or an addition to an installation has been completed and is ready for testing and inspection, such test and inspection shall be carried out free of charge.

(2) If the installation is found to be incomplete or defective or fails in any way to comply with the provisions of these by-laws and the Wiring Regulations, the Council shall not connect the installation until such defect or failure shall have been remedied by the contractor and a further test and inspection carried out. The charge payable for each additional test and inspection shall be R6 payable in advance."

2. The Electricity Supply Regulations of the Leeuwdoringsstad Municipality, published under Administrator's Notice 346, dated 6 May 1953, as amended, are hereby revoked.

P.B. 2-4-2-36-91

(2) As 'n verbruiker die juistheid van 'n meteraflesing betwis word 'n heraflesing van die meter deur die Raad gedoen mits die verbruiker 'n vordering van R1 betaal. Die bedrag word terugbetaal indien daar bevind word dat die oorspronklike aflesing foutief was.

16. *Gelde vir Toets van Elektriese Meters.*

By ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge artikel 9 (1) word die meter deur die ingenieur getoets na betaling deur die verbruiker van 'n vordering van R4 vir enkelfasige meters en R6 vir driefasige meters.

17. *Algemene Dienste.*

Vir enige diens wat op versoek van 'n verbruiker gelewer word en waarvoor geen voorsiening in hierdie tarief gemaak word nie, word gelde gehef teen koste plus 20% daarop.

18. *Gelde vir Inspeksie en Toets van Installasies.*

(1) By ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge artikel 17(7) dat 'n installasie of 'n uitbreiding van 'n installasie voltooi en gereed is om geïnspekteer en getoets te word, word so 'n toets en inspeksie kosteloos uitgevoer.

(2) Indien bevind word dat die installasie onvolledig of gebrekkig is, of in enige opsig nie aan die bepalings van hierdie verordeninge en die Bedradingsregulasies voldoen nie sluit die Raad die installasie nie aan voordat so 'n gebrek of tekortkoming deur die aannemer reggemaak en 'n verdere toets en inspeksie uitgevoer is nie. 'n Vordering van R6 word vir elke sodanige addisionele toets en inspeksie gehef, en is vooruitbetaalbaar."

2. Die Regulasies op die Lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Leeuwdoornsstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 346 van 6 Mei 1953, soos gewysig, word hierby herroep.

P.B. 2-4-2-36-91

Administrator's Notice 2350 27 December, 1972.

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Morningside Extension No. 72 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

P.B. 4-2-2-3199

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY WILLIAM BLYTH WILLIAMSON UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 491 OF THE FARM ZANDFONTEIN NO. 42-IR, DISTRICT JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. *Name.*

The name of the township shall be Morningside Extension No. 72.

Administrateurskennisgewing 2350 27 Desember 1972.

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Morningside Uitbreiding No. 72 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-3199

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR WILLIAM BLYTH WILLIAMSON INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 491 VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN NO. 42-IR, DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Morningside Uitbreiding No. 72.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.6513/71.

3. *Endowment.*

(a) Payable to the local authority:

The township owner shall, in terms of section 63(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay to the local authority as endowment sums of money equal to:

(i) 15% of the land value of erven in the township, which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or stormwater drainage in or for the township; and

(ii) 1½% of the land value of erven in the township, which amount shall be used by the local authority for the acquisition and/or development of parks within its area of jurisdiction.

Such endowment shall be paid in accordance with the provisions of section 74 of the aforesaid Ordinance.

(b) Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance 25 of 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of erven in the township. The area of the land shall be calculated by multiplying 48,08 square metres by the number of erven in the township. The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment is payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

4. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

5. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of:

(i) such erven as may be acquired by the State; and

(ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required,

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.6513/71.

3. *Begiftiging.*

(a) Betaalbaar aan die plaaslike bestuur.

Die dorpseienaar moet, ingevolge die bepalings van artikel 63(1) van die Ordonnansie op Dorps-beplanning en Dorpe, 1965, as begiftiging aan die plaaslike bestuur bedrae geld betaal gelykstaande met:

(i) 15% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die bou van strate en/of stormwaterdreinering in of vir die dorp; en

(ii) 1½% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging en/of ontwikkeling van parke binne sy regsgebied. Sodanige begiftiging is ooreenkomstig die bepalings van artikel 74 van die bedoelde Ordonnansie betaalbaar.

(b) Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement.

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikels 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965, 'n begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement op die grondwaarde van erwe in die dorp betaal.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48,08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal erwe in die dorp.

Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

4. *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

5. *Nakoming van Voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en of sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. *Die Erwe met Sekere Uitsonderings.*

Die erwe met uitsondering van:

(i) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en

(ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het,

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 25 of 1965.

(a) The erf is subject to a servitude, two metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within two metres thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2. *Erf Subject to Special Condition.*

Erf No. 779 shall be subject to the following condition: The erf is subject to a servitude for road purposes as indicated on the general plan in favour of the local authority.

3. *State and Municipal Erven*

Should any erf acquired as contemplated in Clause B1 (i) and (ii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be determined by the Administrator.

Administrator's Notice 2351 27 December, 1972

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 440.

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1958, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Morningside Extension No. 72 Township.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 440.

PB. 4-9-2-116-440

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965:

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir rioleringsen ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2. *Erf Onderworpe aan Spesiale Voorwaarde.*

Erf No. 779 is onderworpe aan die volgende voorwaarde: Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir paddoeleindes soos aangedui op die algemene plan ten gunste van die plaaslike bestuur.

3. *Staats- en Munisipale Erwe.*

